

# 'n Heilige blik op handel en wandel

Teks: Numeri 5: 1 - 10

Teksvers: Numeri 5: 6 - 7

## 1. Inleiding

Wanneer is 'n skuldbelydenis maar net leë woorde? 'n Belangrike vraag in ons moderne samelewing waar sonde as nie so ernstig opgeneem word nie. Vir leiding in hierdie situasie gaan ons vandag terug na Ou Testamentiese bepalings in die boek Numeri. Wat beveel die Here die volk in Numeri, in terme van sy heiligheid? Veral as dit by berou kom oor waar 'n medemens benadeel is.

Ons teksvers en eintlik die perikoop daar rondom wat strek vanaf vers 5 tot 8 is ingebed in bepalings om die kamp rein en heilig te hou. En wanneer 'n mens na vers 1 tot 4 van ons teksgedeelte kyk, is dit tog duidelik hoe die kamp rein gehou moet word. Mense wat aan aansteeklike siektes lei moet uit. Na 'n tydperk onder 'n ernstige pandemie verstaan ons iets van hierdie uitstluiting weens 'n mediese toestand.

Maar die perikoop waarin ons teksgedeelte voorkom beskryf nie 'n mediese toestand nie. Nee dit is baie meer 'n ekonomiese, waarskynlik kriminele toestand wat beskryf word. Mense wat mekaar indoen. Die burgerlike samelewing, of soos ons tema lei die alledaagse handel en wandel. Hoe gemaak met iemand wat doelbewus sy medemens te na kom?

Ons ervaar vandag, meer en meer die druk om hierdie saak weg te neem uit die kerk se seggenskap. Daar word gesê dat dit iets vir regstelsel. Ons moet onthou dat die regstelsel en die kerk hier in Numeri baie meer in mekaar gevleg was as vandag. Hierdie mens lewe onder 'n theokrasie, met ander woorde hulle word deur God regeer. Maar het die kerk en ons geloof werklik geen sê oor ons optrede in die alledaagse handel en wandel nie? Is die Bybel en die kerk se domein maar net geloofsake en moet daarom liefs nie betrokke raak by ander sake nie?

## 2. Die benadeling van my medemens as Godsdienstige oortreding.

Soos ons reeds gesê het, dink mense wanneer jy 'n ander mens benadeel het dit niks met Godsdienst of geloof te doen nie. Daarom moet julle mos net die ding tussen mekaar uitsorteer. Klink hierdie benadering bekend? Tog weet ons hierdie benadering is dikwels onsuksesvol. Want uiteindelik dwing die sterkste persoon maar net die ander persoon om te doen wat hy/sy wil. Maar dit is dan juis hier waar ons teksvers so reguit met ons praat vanoggend. Want ons teksvers beskou die benadeling van jou medemens as ontrouheid aan die Here. Dus is dit nou vierkantig in die gebied van die geloof. Uiteindelik staan die persoon wat sy medemens benadeel net so onrein in die teenwoordigheid van die Here, as die persoon wat 'n aansteeklike siekte het of aan 'n lyk geraak het. Daarom moet beide hierdie persone offers aan die Here bring.

Dit is ook veral hier waar die optrede om die verkeerde reg te stel belangrik word. Want dit is tog duidelik uit ons teksgedeelte dat die verkeerde reggestel word. Maar die regstelling is nie die einde van die saak nie. In vers sien ons dat die skuldige ook nog 'n 'n ram moet voorsien waarmee die priester vir die skuldige versoening moet doen. Daar is duidelik ook 'n geloofshandeling wat moet plaasvind voor die saak afgehandel is.

Ons weet dat ons nie meer diere offer nie, want die volmaakte offerlam, ons Here Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir al ons sondes. Maar dikwels misbruik juis hierdie feit. Gebruik ons ons vryheid om te sondig. Ons wil alles vandag op so 'n vinnige wêreldse manier afhandel, dat ons nie voor die Here eindig nie. Ons besef nie dat selfs wanneer ek dink dat my oortreding net my en my medemens raak, God se eer steeds in die gedrang kom. En omdat alle sonde dan eintlik Godsdienstige oortredinge is, kan ons vra wat doen ons Godsdienstig om dit reg te stel?

Die antwoord is daar, dit neem die vorm van die Verlosser aan die kruis aan, maar is ons bereid om Hom ook te betrek by my gevoellose optrede? Of dink ons dat ons vir die Here kan wegkruip?

### **3. Die vyfde as afskrikmiddel.**

Die Here ken die mens en sy hart, Hy weet dat geloofsoortredings nie altyd die uitwerking het wat dit behoort te hê nie. Dat die mens in sy/ eer sonde nie die eer aan die Here gee wat Hom toekom nie. Ons sien dit vandag ook, mense is meer bekommerd oor wat ander mense van hulle dink as die Here. Mense wil graag hulle sonde geheim hou sodat ander mense nie daarvan uitvind nie, maar gee nie om dat die Here wat ons diepste binneste ken daarvan weet nie.

Daarom is daar nog 'n ekstra afskrikmiddel nodig. Iets ander wat die ekonomies materiële ingestelde mens twee keer sal laat dink. Dit kom in die vyfde of 20 persent bepaling in ons teksgedeelte. Indien alles net herstel word nadat 'n mens uitgevang is, kan die mens in sy/haar sondigheid reken dat dit mos die moeite werd is om 'n kans te vat. Wanneer jy uitgevang word, verloor jy mos niks nie.

Die vyfde of 20% beginsel laat die beplande oortreder twee keer dink. Dit laat selfs die persoon wat ons nie doelbewus 'n oortreding begaan meer versigtiger kyk na wat hy/sy doen. Want nou is daar 'n materiële verlies. Hierin openbaar die Here natuurlik die erns van die oneerlike situasie. Dit moet alles tot ons beskikking beveg word.

Maar wanneer 'n mens wedergebore word uit die Verlossing wat aan die kruis vir ons verwerf is, dan verander jou ingesteldheid ook. Dan lei die Gees jou doelbewus weg van benadeling van jou medemens en meer tot die bevoordeling van jou medemens. Uiteindelik behoort hierdie afskrik middel nie nodig te wees vir die gelowige nie. Want ons moet weet en verstaan dat om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.

### **4. Die vyfde as uitbalansering.**

Wat 'n mens altyd aangryp is presisie waarmee gewerk word hier in die Ou Testament. Wanneer die Here voorskrifte gee veral in die pentateug is dit baie presies. Ook hier word die presiese vyfde vasgestel. Maar dit is in genade vir die medemens wat te na gekom word dat die Here ook dit doen.

Want valse gewigte en inhoudsmaat is iets waarin die Here 'n afsku het. En weet hoe handelaars van ouds twee stelle gewigte gebruik het om hulleself te bevoordeel. Dit is dan ook juis hier waar die vyfde 'n verskil in die totaal sou maak. Dit sal 'n normaliserings effek hê selfs al sou vals gewigte gebruik word. Op hierdie manier sou die druk op die benadeelde persoon verlig word.

Eintlik kan ons nie anders as om juis die Here se genade vir 'n swak sondaar mens te sien nie. Want ons weet dat die Here in Levitikus 27 'n tiende eis as offer. Maar wanneer die saak by 'n verontregte medemens kom dan is die som 'n vyfde of anders gestel 20% in plaas van 10%. Uiteindelik kom offer die Here ook Sy eniggebore Seun as volmaakte offer vir al ons sondes. Dit is genade op genade.

In kort kom dit daarop neer dat die Here se genade genoeg is om die ontroue optrede van ons kant te bedek. Daar waar ons die verbond van die Here verbreek het deur Hom en ons naaste te haat, kom vervul Hy die volmaakte verbod van liefde in ons plek. En selfs waar ons mekaar te na wil kom, roep die Here ons tot heilige eerbiedigheid, deur seker te maak ons onreg word uit die pad geruim.

### **5. Slot**

Ons kan vandag se preek afsluit in verootmoediging. Waar ons in die preek diep bewus geword het van die heiligheid van die Here, kan ons met die volgende gedagtes weggaan. Optrede wat die Heiligheid van die Here skend het eenvoudig nie 'n plek voor die aangesig van die Here. Alles wat ons doen moet werklik tot eer en verheerliking van Hom wees.

Maar dan ook daar waar ons so maklik ons eie voordeel soek. In die daaglikse handel en wandel. Daar waar Mammon so maklik ons afgod word. 'n Afgod wat veroorsaak dat ons genadeloos ander mense te na kom in ons optrede. Ook daar vergelyk die Here dit met die onreinheid van 'n aansteeklike siekte voor Hom.

Laastens is dit maklik om vanuit 'n nuwe Testamentiese uitkyk te skuil agter die verlossing in die bloed van die Here. En natuurlik is dit die enigste plek waar sondaar mense soos ons geregtigheid kry. Maar om hierdie genade uit te buit en te gebruik om my broer en suster te na te kom, is ook nie tot eer

van die Here nie. Die Heilige Gees werk eerder 'n afsku in hierdie optrede binne ons.

Uiteindelik is ons juis gered om anders in die wêreld te leef. Om ook implisiet die lig en liefde van die Here uit te straal. Daarom wanneer dit kom by die regstel van ons verkeerde optrede teenoor 'n medemens, is dit ook ons as nuwe Testamentiese gelowige se plig om die liefde van die Here te bewys. Selfs al sou die ontvanger daarvan dit nie verdien. Kom ons gaan pak die lewe aan met die Heiligheid van die Here altyd voor oë.

Amen